## INHOUDSOPGAWE

### AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 | 4 |
| | OF | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | 7 |
| | OF | | |
| 3. *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 | 11 |


**OF**

### AFDELING B: DRAMA

Beantwoord net EEN vraag.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 4. *Poppie, die drama* | Kontekstuele vraag | 35 | 15 |
| | OF | | |
| 5. *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | 18 |


**OF**

### AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord AL TWEE vrae.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 Benedicta | Kontekstuele vraag | 17 | 22 |
| | EN | | |
| 6.2 Baby | Kontekstuele vraag | 18 | 24 |


**OF**

### AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord AL TWEE gedigte.


| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 Brief | Kontekstuele vraag | 18 | 26 |
| | EN | | |
| 7.2 Spore op die maan | Kontekstuele vraag | 17 | 28 |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS


Kopiereg voorbehou

## NASIENRIGLYNE

- 'n Kandidaat mag nie meer as EEN vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien dus die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, hou die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie in bv. *Poppie, die drama*.
- Indien ironie, vergelyking en kontras gevra word, verdien die leerders 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

## *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

**TEMA:** Klasseverskille
**BOODSKAP:** Saul se ruimte het hom gehelp om uit te styg bo klasseverskille.

L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

1.1
- Om (waen)hout (aan MacDonald) te gaan verkoop.
- Omdat hulle kos/twak nodig gehad het.

(Enige EEN) (1)

1.2
- Die (son)lig (in die dorp) was te helder/skerp/veel.
- Saul se kop het te swaar gevoel.
- Saul het te min geëet.

(Of soortgelyk) (1)

1.3
- Die mense se klere was deftig.
- Hulle het netjiese skoene gedra (wat amper tot by die knieë gekom het).
- Hulle klere is van duur lap gemaak.
- Hulle klere was platgestryk.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

1.4
- MacDonald het die Bosmense beledig./Hy het gesê dat die Bosmense derdeklas hout gebring het.
- MacDonald het hulle verneder./Hy het gesê dat hulle die verkeerde soort hout gebring het (waenhout in plaas van dwarslêers).
- MacDonald het gejok oor die (gehalte van die) hout.
- MacDonald het gevra of hulle nie verstand het nie.
- MacDonald het met die Bosmense gepraat asof hulle sy werkers was.

(Enige DRIE feite of soortgelyk) (3)

1.5
- Thomas Rex was 'n skatryk man.
- Thomas Rex was 'n man met baie perde.
- Thomas Rex was 'n afstammeling van George Rex.

(Enige EEN) (1)

1.6
- D
- D bang
- bang

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.7.2
- A
- A Swellendam
- Swellendam

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.7.3
- B
- B Meulbos
- Meulbos

(Enige EEN) (1)

1.7.4
- E
- E Knysna
- Knysna

(Enige EEN) (1)

1.8
- Daar was nie bome/blare nie.
- Daar was nie koelte/skaduwee nie.
- Daar was meer son.
- Die wêreld was oop.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.9.1
- Joram het voor MacDonald gekruip/Joram was onderdanig.
- Joram was sonder selfvertroue voor MacDonald.
- Joram was magteloos voor MacDonald.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.9.2
- Joram was soos 'n leier in die Bos.
- Joram was 'n man van gesag in die Bos.
- Joram was 'n man met selfvertroue in die Bos.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.10 Nee.
- Saul het gewens/gebid hulle het hom nie gesien nie.
- Saul het ongemaklik gevoel (omdat hy anders as die dorpskinders gelyk het).
- Saul wou eerder net daar doodgaan.
- Saul het hulle nie geantwoord nie.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

1.11 Ja.
- Die Barnards het so hard gewerk net om 'n paar pennies te maak.
- Geen mens het die reg om iemand anders so te behandel nie.
- Die Barnards het afgesteek by die ryk mense.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

1.12 'n olifant gesien het (1)

1.13 Nee.
- Dit het Saul verneder.
- Dit het Saul anders as die kinders laat voel.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

1.14
- Die mooi vensters van die kerk.
- Die water van die rivier.
- Die skepe wat daar gelê het.
- Party huise het 'n bohuis en vensters gehad.
- Die mooi tuine.

(Enige EEN) (1)

1.15
- Saul het nooit (in die Bos) skool gegaan nie.
- Alles wat Saul geweet het, het hy by sy ouers geleer.
- Saul het skaam gevoel. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

1.16
- Joram het vir Saul gesê dat hy nie vir MacDonald mag werk nie.
- Joram het vir Saul gesê dat hulle vir hulleself werk. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

1.17
- B
- B slaapplek, kos en twee sjielings 'n week sou gee.
- slaapplek, kos en twee sjielings 'n week sou gee. (1)

(Enige EEN)

1.18
- Saul was goedkoop arbeid.
- MacDonald kon Saul se loon gebruik om Joram se skuld te betaal.
- Saul was groot en sterk.
- Saul kon hard werk/lang ure werk. (2)

(TWEE redes of soortgelyk)

1.19
- Kate het vir Saul Engels leer praat.
- Kate het by Saul in die skuur gaan kuier.
- Kate het vir Saul 'n boek gegee om te lees. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

1.20 verneuk het (1)

1.21
- MacDonald wou nie meer die hout hê nie.
- MacDonald het weer eens Joram se tyd gemors.
- MacDonald het weer eens die Bosmense in 'n swakker posisie gestel. (1)

(Enige EEN)

1.22
- Die Bosmense was in die skuld by MacDonald/hulle was vas.
- MacDonald het die mag/beheer oor die houtkoop gehad.
- MacDonald en Smith het 'n ooreenkoms oor die prys/houtkappers gehad. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

1.23 MacDonald was 'n ...
- leuenaar.
- bedrieër.
- uitbuiter.
- snobis.

MacDonald was ...
- onsimpatiek.
- ongevoelig.
- ongenadig. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.24
- Ek sou beheer verloor het.
- Ek sou op MacDonald geskree het.
- Ek sou ook maar gekruip het. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

1.25 Dit het verwydering/verwyt/wantroue gebring. (1)
(Of soortgelyk)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

1.26 Kate leer die leser om ...
- geduldig te wees.
- nie moed op te gee nie.
- vas te byt.
- om klasseverskille te aanvaar. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

1.27 Ja.
- Saul wou Jozef se hout koop.
- Saul sou 'n regverdige prys vir die hout betaal.
- Saul wou hê Jozef moes hom help om 'n besigheid te begin. (1)

(Enige EEN of soortgelyk) **[35]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

**TEMA:** Selfaanvaarding.
**BOODSKAP:** As Hanna haar omstandighede aanvaar, sal dit beter in haar lewe gaan.

L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

2.1 (By) Botterberg (1)

2.2
- Hanna was dramaties.
- Hanna het oordryf.
- Hanna was soms negatief (oor wat in haar lewe gebeur het).
- Hanna was neerhalend/negatief/oor haar gesin. (1)

(Enige EEN of soortgelyk)

2.3
- Hanna en Sharon het toevallig (die eerste dag in graad 8) langs mekaar beland.
- Hanna het 'n snaakse opmerking (oor 'n onderwyser) gemaak.
- Sharon het gelag vir Hanna se snaakse opmerking (oor 'n onderwyser).
- Hanna en Sharon het besluit hulle hou van mekaar. (2)

(Enige TWEE)

2.4 elektrisiteit (1)

2.5
- Sharon het nie 'n gaping/spasie tussen haar boonste voortande gehad nie.
- Sharon se tande was mooi(er).
- Sharon het 'n Julia Roberts glimlag gehad.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.6
- Hanna kon nie glo dat sy so 'n mooi vriendin soos Sharon kon hê nie.
- Hanna het haar met Sharon vergelyk.
- Hanna het gedink dat Sharon mooier/ryker as sy was.
- Hanna het gedink dat sy by Sharon afgesteek het.
- Hanna het haarself vergelyk met 'n onbeholpe visser (wat 'n goeie vangs gehad het).

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.7
- Gavin het op 'n ander plek gelewe/gebly.
- Gavin was 'n afwesige pa.
- Gavin en Mana het besluit dat Mana Hanna sou grootmaak.

(Enige EEN) (1)

2.8
- Sharon het gekies om 'n konsertitem saam met Yann te doen.
- Sharon het een aand tot laat met Yann gedans.
- Sharon het op Yann begin verlief raak.
- Sharon het te veel/baie tyd saam met Margot/Yann deurgebring.
- Sharon het een aand sonder Hanna met die gesin gekuier.
- Sharon het Margot verdedig.
- Sharon het soms dinge gesê wat Hanna geïrriteer het.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.9
- C
- C jaloers.
- jaloers.

(Enige EEN) (1)

2.10.1 (Van) Sharon (1)

2.10.2
- Hanna het vir haarself mooi gelyk.
- Hanna het nie meer na 'n vaal meisie gelyk nie.
- Hanna het spesiaal gevoel.
- Hanna het gesien dat grimering 'n verskil maak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.11.1
- ('n stywe) broek
- slangvelbroek
- 'n hempie (van blink materiaal) (wat te kort was om haar maag toe te maak)

(Enige EEN) (1)

2.11.2 Ja.

- Die trui het beter by haar persoonlikheid gepas.
- Die trui was klassiek/"classic".
- Die trui was nie te modieus nie.
- Die trui was nie 'n helder kleur nie.
- Sharon het 'n positiewe opmerking oor die trui gemaak.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

2.12.1

- Gavin se peroksiedhare/gekleurde hare
- Gavin se grimering/maskara
  (Enige EEN) (1)

2.12.2

- Sharon het positief teenoor Gavin reageer.
- Sy het daarvan gehou dat hy almal laat lag het/het hom vermaaklik gevind.
- Sy het sy vrolikheid/positiwiteit bewonder/waardeer.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.13 Hanna het nie van Mana se ...

- hansworshoede gehou nie.
- bont klere gehou nie.
- klere waarvan die kleure nie by mekaar gepas het nie, gehou nie.
- vreemde skoene met gepunte tone gehou nie.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.14 Ja.

- Ek is sensitief oor my ouers.
- Ek sou nie daarvan hou as my ouers so ongewoon lyk nie.
- Ek wil nie hê ander tieners moet my kan spot nie.

**OF**

Nee.

- Ek het nie die reg om te besluit hoe my ouers lyk nie.
- Dit pla my nie.
  (JA OF NEE OF VERDUIDELIKING word bepunt.) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.15

- C
- C Amos
- Amos
  (Enige EEN) (1)

2.16

- Margot het Beyers verlaat, (✓) maar sy het toe op Beyers se wittebrood kom kuier. (✓)
- Margot het haar gesin verlaat (✓) maar wou nou saam met hierdie nuwe gesin wees. (✓)
  (IRONIE. Twee kante moet gestel word)
  (Enige EEN of soortgelyk) (2)

2.17
- Margot was in die land.
- Margot het in 'n televisiereeks kom speel.
- Margot wou graag haar seuns sien.
- Margot het 'n boodskap op Beyers se selfoon gelos.
- Beyers het Margot genooi.

(Enige DRIE feite) (3)

2.18.1
- E
- E Beyers
- Beyers

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

2.18.2
- D
- D Yann
- Yann

(Enige EEN) (1)

2.18.3
- A
- A Gavin
- Gavin

(Enige EEN) (1)

2.18.4
- C
- C Amos
- Amos

(Enige EEN) (1)

2.19
- Margot het soos 'n inbreker gelyk./Dit het (eers) gelyk of sy 'n balaklawa op haar kop gehad het.
- Margot het 'n swart kledingstuk oor haar kop gehad.
- Margot was 'n skraal vrou.
- Margot het (vlas)blonde hare gehad.
- Margot het (baie/onnatuurlike) wit tande gehad.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.20
- Margot was vriendelik.
- Margot was onbevooroordeeld.
- Margot het die mooi in ander mense gesien.
- Margot het baie komplimente gegee.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.21 Ja.
- Hanna het geweet wat Margot se weggaan aan haar seuns gedoen het.
- Hanna het aan die begin gesien dat Margot 'n moeilike gas was.
- Margot het haar seuns verlaat.

**OF**

Nee.
- Hanna moes haar eers beter leer ken het.
- Hanna was bevooroordeeld.
- Hanna het nie Margot se vriendelikheid teenoor almal waardeer nie.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

2.22 • Sharon het vir Hanna geleer dat alle sake twee kante het/om minder krities te wees.
• Sharon het vir Hanna geleer om ander perspektiewe op sake te hê.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.23 Margot het vir Mana met die geboorte van haar baba gehelp. (1)

2.24 • Aanvaar jou eie lewe soos wat dit is.
• Moenie te krities oor jouself wees nie.
• Aanvaar jouself/gesin/lewe.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
**[35]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

**TEMA:** Onverdraagsame verhoudings.
**BOODSKAP:** Tyd heel alle wonde/vergewe mekaar.

L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

3.1 verdrink (1)

3.2 • Meeuland toe.
• Na Jacob toe.
(Enige EEN) (1)

3.3 • Dit was ironies dat Elsabet **na Meeuland wou vlug,** want sy het juis vroeër **van die eiland af weggevlug**.
• Dis ironies dat Elsabet nou **vertroosting by die plek** wat haar **vroeër ongelukkig** gemaak het, soek.
(Enige EEN of soortgelyk) (IRONIE. Twee kante moet gestel word.) (2)

3.4 • Schalk het ook skuldig gevoel oor sy aandeel in Elsabet se dood.
• Schalk was 'n buitestaander en het nie 'n goeie verhouding met sy familie gehad nie.
• Schalk was te verbitterd/te hartseer/kwaad.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.5 • Fred het haar (met Jackie) verkul.
• Fred het nie tyd of aandag aan haar gegee na die troue nie.
• Fred se gesin het haar nie deel van die gesin/huishouding gemaak nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.6 Ja.
- Jacob was altyd goed/lief vir Elsabet.
- Jacob sou Elsabet nooit verkul het nie.

**OF**

Nee.
- Jacob het nie vir Elsabet gelukkig gemaak nie.
- Jacob kon nie sy liefde vir Meeuland aan Elsabet oordra nie.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

3.7
- Fred het vir Sheila (met Elsabet) verkul.
- Fred het vir Kinnie/Veronica Kuiper/'n meisie swanger gemaak.
  (TWEE redes of soortgelyk) (2)

3.8 Schalk het die motor bestuur toe Sheila (in die motorongeluk) verlam is.
(Of soortgelyk) (1)

3.9
- Fred en sy kinders
- Die Blanckenbergs
  (Enige EEN) (1)

3.10
- Fred was aan al twee ontrou.
- Fred kon nie een van die twee gelukkig hou nie.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.11
- Fred was burgemeester van die dorp.
- Fred was die voorste besigheidsman in die dorp.
- Fred het werk aan mense verskaf.
  (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

3.12 Ja.
- Schalk het baie verkeerde dinge gedoen soos bv. om kreef te steel.

**OF**

Nee.
- Die dorpsmense het net Schalk se foute raakgesien.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

3.13
- A
- A misbruik
- misbruik
  (Enige EEN) (1)

3.14
- Schalk het Magrietjie/Jacob se meisie verkrag.
- Schalk was die oorsaak dat Magrietjie in die inrigting beland het.
- Schalk het Janka geskiet.
- Fred het vir Elsabet van die eiland afgerokkel om met hom te trou.
  (DRIE feite of soortgelyk) (3)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

3.15 Ja.
- Fred het hom uit sy lewe gestoot.
- Fred het nie probeer om hom op die regte pad te kry nie.

**OF**

Nee.
- Schalk was van kleins af moeilik.
- Schalk was nog altyd opstandig.
- Schalk het sy eie keuses gemaak.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

3.16
- Schalk het sy foute erken/sy verkeerde optrede teenoor Elsabet erken.
- Schalk het geweet dat hy verkeerde dinge gedoen het.
- Schalk het geweet wie hy was.
- Schalk het nie 'n goeie selfbeeld gehad nie.
- Die familie het hom soos vuilgoed hanteer.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.17 Schalk het (onwettig) kreef (rooi koekies) uitgehaal. (1)

3.18 Janka het vir Kersvader gewag. (1)

3.19
- Janka was maande lank in die hospitaal.
- Janka kon vir 'n lang tyd nie loop nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.20 vir Janka geskiet het (1)

3.21.1
- D
- D Veronica
- Veronica

(Enige EEN) (1)

3.21.2
- E
- E Jackie
- Jackie

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

3.21.3
- A
- A Ousanna
- Ousanna

(Enige EEN) (1)

3.21.4
- C
- C Doreen
- Doreen

(Enige EEN) (1)

3.22
- C
- C Ryna
- Ryna

(Enige EEN) (1)

3.23 Ja.

- Fred het die geld gehad vir haar mediese behandeling.
- Fred sou 'n beter verhouding met Jacob kon hê.
- Fred sou betrokke kon bly by haar lewe.

**OF**

Nee.

- Dit kon Jacob weer van vooraf seergemaak het.
- Fred sou hierdie kennis kon misbruik.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

3.24 (Ryna het gaan) skoolhou. (1)

3.25 Ja.

- Jacob moes nooit in woede na Schalk gaan soek het nie.
- Jacob moes nie die reg in eie hande probeer neem nie.

**OF**

Nee.

- Jacob het net uit selfverdediging opgetree.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

3.26
- Ryna was versorgend/sorgsaam.
- Ryna was 'n goeie luisteraar.
- Ryna se omgee vir ander mense.
- Ryna se moedersinstink het na vore gekom.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.27 Ryna was lief vir Jacob. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE, DIE DRAMA*** **– Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

**TEMA:** Apartheid
**BOODSKAP:** Apartheid ontwrig mense se lewens.

L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

4.1
- Hulle pa het nooit teruggekom nadat hy oorlog toe is nie.
- Poppie se ma het op De Aar gewerk.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.2
- Hulle het verskillende stories (Tarzan, Jakkals en Wolf) in *Die Jongspan* gelees.
- Hulle het die kolletjies met die nommers verbind.
- Hulle het van Afrikaans gehou.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.3.1 skaapskeerder (1)

4.3.2 lorriedrywer (1)

4.4
- A
- A Lüderitzbucht
- Lüderitzbucht

(Enige EEN) (1)

4.5.1
- Die Engelse name was vir haar mooi.
- Ma Lena en haar susters se (Afrikaanse) name was vir haar te gewoon.

(Enige EEN) (1)

4.5.2
- Die kinders het gelag vir die Engelse doopname.
- Die kinders het mekaar op Afrikaanse byname aangespreek.

(Enige EEN) (1)

4.6
- Poppie het aangehou om in Mosie se boeke te lees.
- Mosie het vir haar sy skoolsinge/liedjies kom leer.
- Poppie het *Die Jongspan* gelees.

(Enige EEN) (1)

4.7
- Poppie het na Ma Lena se jonger kinders gekyk.
- Poppie het na haar stiefboeties en –sussie gekyk.

(Enige EEN) (1)

4.8
- Ouma Hannie het met die kinders geraas as hulle nie Xhosa gepraat het nie.
- Ouma Hannie het haar kinders alles van die Xhosa-geloof geleer.

(Enige EEN) (1)

4.9
- As kind wou Poppie nie Xhosa goed leer praat nie, maar het later met 'n Xhosa-man getrou.
- In die apartheidsjare was Afrikaans die taal van die onderdrukker, maar Poppie het verkies om Afrikaans te praat.

(IRONIE. Twee kante moet gestel word)
(Enige EEN of soortgelyk) (2)

4.10.1
- Die Xhosas mag nie meer daar/in Lambertsbaai gebly het nie.
- Die apartheidswette is toegepas.

(Enige EEN) (1)

4.10.2 (Na) Nyanga (toe) (1)

4.11
- D
- D tevrede met
- tevrede met

(Enige EEN) (1)

4.12.1
- E
- E Plank
- Plank

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.12.2
- A
- A Vukile
- Vukile

(Enige EEN) (1)

4.12.3
- B
- B Stone
- Stone

(Enige EEN) (1)

4.12.4
- D
- D Jakkie
- Jakkie

(Enige EEN) (1)

4.13
- Die polisievangwa/polisievoertuig
- Die vangwa

(Enige EEN) (1)

4.14.1
- (Na) Basoetoland (toe)
- Oor die grens

(Enige EEN) (1)

4.14.2 Ja.
- As hy nie gevlug het nie, sou hy tronk toe moes gaan.

**OF**

Nee.
- Jakkie het groot probleme vir sy familie veroorsaak.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

4.14.3 Ja.
- 'n Polisieman is geskiet.
- Die saak moes ondersoek word.

**OF**

Nee.
- Ma Lena en Baby was nie verantwoordelik vir Jakkie se dade nie.
- Dit was nie Ma Lena en Baby wat die polisieman geskiet het nie.
- Die polisie kon hulle eerder by die huis ondervra het.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

4.15.1
- Poppie het altyd hard gewerk om (finansieel) vir haar kinders te sorg.
- Poppie het by die huis gebly as haar kinders siek was.
- Poppie het gesorg dat haar kinders skoolgegaan het.
- Poppie het Bonsile se kind finansieel versorg.
- Poppie het Bonsile se kind saamgevat Kaap toe.
- Poppie het gesê Bonsile kon nie by sy pa in die "special quarters" bly nie.
  (Enige DRIE of soortgelyk) (3)

4.15.2
- Die polisie het vermoed dat Jakkie by Poppie se kinders was/kontak met hulle gehad het.
- Dit is reg om almal wat met 'n verdagte kontak het, te ondervra.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.16.1
- (Teen die) migrants (trekarbeiders)
- Daar was nie 'n bakleiery op Kersdag nie, dit was Tweede Kersdag.
  (Enige EEN) (1)

4.16.2
- Die migrants het die kinders "kinders van hoere" genoem.
- Die "riot squad" het die migrants gehelp deur klippe daar af te laai.
  (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

4.17 Bonsile (1)

4.18
- Mev. Swanepoel het vir Poppie teen die polisie beskerm.
- Mev. Swanepoel het vir haar werk gegee al was haar pas nie reg nie.
- Mev. Swanepoel het haar meer betaal as wat sy eers wou betaal het.
- Mev. Swanepoel het Poppie gehelp om haar pas te verleng.
- Mev. Swanepoel het Poppie se werk geprys.
  (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

4.19 Ja.
- Poppie het geweet sy het haar bes probeer om vir haar kinders 'n beter toekoms te gee.

**OF**

Nee.
- Poppie moes ook gereed wees vir nuwe geleenthede.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

4.20 Die drama het gewys hoe Poppie (nes baie mense in Suid-Afrika) swaargekry het.
(Of soortgelyk) (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

***PALJAS*** **- Chris Barnard**

**TEMA:** Onversoenbaarheid.
**BOODSKAP:** Mense moet leer om mekaar te aanvaar – vergifnis.

L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

5.1 (By) Toorwater (1)

5.2
- Hendrik het terugverlang na gelukkiger dae.
- Hendrik was 'n romantikus.
- Hendrik het dit as salf vir sy eensame siel gesien.
  (Of soortgelyk) (1)

5.3 (By) Nollie/Nollie se ouers (1)

5.4.1 twee (1)

5.4.2 angstoestand (1)

5.5.1
- Die kinders het hulle tonge vasgebyt.
- Die kinders het in 'n koor saam gekoggel/geluide gemaak.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.5.2
- Willem het gemaak of hy hulle nie hoor nie.
- Willem het net aangestap.
- Willem het hulle geïgnoreer.
- Willem het niks gedoen nie.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.6.1
- Katrien het gesê dat Emma nog te jonk was/nie so moet dink nie/nie bang moes wees nie.
- Katrien het gedink dat Emma se woorde haar en Hendrik se skuld was.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.6.2 Ja.
- Hendrik het omgegee vir Emma.
- Hendrik het kennis van die lewe gehad.
- Hendrik het gedink dat dit nie goed was vir iemand om alleen te wees nie.

**OF**

Nee.
- Dit was Emma se eie keuse.
- Hendrik het nie die reg om namens Emma te besluit nie.
  ((JA OF NEE OF VERDUIDELIKING word bepunt.) (1)

5.7
- Hendrik en Katrien het min met mekaar gepraat.
- Hendrik en Katrien het nie 'n bed gedeel nie.
- Hendrik en Katrien het baklei.
- Katrien het van Frans se aandag gehou.
  (Enige TWEE of soortgelyk) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.8.1
- Nollie het met sy fiets op haar hakke gery.
- Nollie het te naby aan Emma gery.
- Emma het gestruikel toe sy van Nollie wou wegkom.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.8.2
- Nollie was 'n besorgde mens.
- Nollie was nederig genoeg om om verskoning te vra.
- Nollie was eerlik.
- Nollie het sy foute erken.
- Nollie het goeie maniere.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.9
- Hendrik het van niks geweet nie.
- Hendrik is nie ingelig oor die trein nie.
- Die sirkusmense het geen respek vir hom/spoorwegeiendom getoon nie.
- Dit het 'n bedreiging vir hom en sy gesin ingehou.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.10
- A
- A verandering
- verandering
  (Enige EEN) (1)

5.11
- Hulle het nie vir Hendrik (na sy bevele) geluister nie.
- Hulle het die stasie beledig.
- Hulle het beweer dat Hendrik dom was.
- Barnie het 'n mes na Hendrik gegooi.
  (TWEE maniere) (2)

5.12 Ek sou ...
- hulle weggejaag het.
- hulle geïgnoreer het/weggeloop het.
- op hulle geskree het.
- om verskoning vra.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.13.1
- (Van hulle) (gebroke/ongelukkige) verhoudings/kommunikasie
- Die gesin se ongelukkigheid
- Gebroke lewens
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.13.2
- Katrien het gesê dat Hendrik motors beter as vrouens verstaan.
- Katrien het gesê dat sy die blou oorkrabbers met haar eie geld gekoop het, (Hendrik kon dit nie eers vir haar doen nie).
- Katrien het Hendrik se ou motor (Cortina) beledig.
- Katrien het gesê dat sy moeg gesukkel was.
- Katrien het gesê dat Hendrik haar genoeg gehiet en gebied het.
- Katrien het gesê dat Hendrik niks in die lewe bereik het nie.
- Katrien het vir Hendrik gesê dat hy te treurig was om aan haar te vat.
(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

5.14.1
- C
- C Willem
- Willem
(Enige EEN) (1)

5.14.2
- E
- E Nollie
- Nollie
(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.14.3
- D
- D Hendrik
- Hendrik
(Enige EEN) (1)

5.14.4
- A
- A Manuel
- Manuel
(Enige EEN) (1)

5.15
- Die mans het skuldig/sleg gevoel.
- (Hulle het ongemaklik gevoel) oor wat by die Volstruisdans gebeur het.
- Hulle het die McDonalds sleg behandel.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.16
- C
- C altyd gemaak het asof daar niks gebeur het nie.
- altyd gemaak het asof daar niks gebeur het nie.
(Enige EEN) (1)

5.17 Positiewe reaksies:
- Ek was trots op Hendrik.
- Ek het 'n warm gevoel gehad.
- Dit het my goed laat voel.

**OF**

Negatiewe reaksies:
- Ek was teleurgesteld in Hendrik.
- Ek was kwaad vir Hendrik.
- Ek was ongelukkig.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.18
- drank
- alkohol
- 'n dop
- brandewyn

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

5.19
- aangenaam/postief
- lekker
- vrolik/gelukkig
- vreedsaam

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.20
- Willem het toertjies gedoen.
- Willem het die mense laat lag/vermaak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.21
- Die dorpsmense het onwaarhede oor hulle versprei.
- Die dorpsmense het hulle van duiwelse dinge beskuldig.
- Die dorpsmense het na Willem en Katrien gestaar toe hulle op die dorp was.
- Die dorpsmense het Katrien en Frans van 'n verhouding beskuldig.
- Die dorpsmense het neerhalende opmerkings gemaak. (Willem, Emma en die tong)
- Die dorpsmense het op hulle gespioeneer.
- Die dorpsmense het klippe op die dak gegooi.
- Die dorpsmense het by die huis met gewere opgedaag.

(TWEE voorbeelde of soortgelyk) (2)

5.22
- Dit is die toneelaanwysings.
- Dit dui op die handeling van die karakters.

(Of soortgelyk) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**AFDELING C: KORTVERHALE**

***STORIEJOERNAAL***

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**

**BENEDICTA – Margaret Bakkes**

**TEMA:** Geloof/Seën
**BOODSKAP:** Tel jou seëninge en behou geloof.

L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

6.1.1 'n Krokodil/krokodille het hom aangeval. (1)

6.1.2 Hy het sy (linker)arm verloor (✓) en sy (regter)arm is beseer. (✓)
(TWEE feite) (2)

6.2.1 eerstepersoons- (1)

6.2.2
- Die verteller is deel van die gebeure.
- Die storie word uit die verteller se (agterna) perspektief vertel.
- Dit maak die verhaal meer persoonlik/eie emosies kom na vore.
- Die verteller is die hoofkarakter.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.3
- A
- A vrees
- vrees

(Enige EEN) (1)

6.4 Ja.
- Haar kind kon dalk sterf.
- Enige ma sou dit wou doen.
- Ek sou so gou moontlik by my kind wou kom.
- Ek kon dink dat die inligting oor die telefoon nie goed genoeg was nie.

**OF**

Nee.
- Ek sou van skok niks kon doen nie.

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

6.5 (Met) Francois/(Met) haar skoonseun/haar dogter se man (1)

6.6.1
- (Na die) kere wat hy amper gesterf het/amper nie oorleef het nie/by die dood omgedraai het.
- (Na die) ongelukke in sy lewe

(Enige EEN of soortgelyk.) (1)

6.6.2 Ja.
- Dit het haar bemoedig.
- Dit het haar hoop gegee.
- Dit het haar help onthou./Sy het onthou dat Christiaan vorige kere oorleef het.
- "Telkens is ons met groot genade teruggegryp."

(Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

6.7.1 Dit impliseer dat Christiaan moontlik kon sterf/dat sy besering ernstig was. (Of soortgelyk) (1)

6.7.2
- Die herhaling bou spanning op.
- Dit beklemtoon die onsekerheid of hy gaan oorleef.
- Sy praat nou met iemand anders.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.8
- By Middelburg
- By die vulstasie/glashok/badkamer
- Ultra City

(Enige EEN) (1)

6.9.1
- Benedicta het self al kinders/seuns aan die dood afgestaan.
- Benedicta is ook 'n ma.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.9.2 Ja.
- Die uitreik was belangriker as die goed (sigarette en wodka).
- Dis al wat sy gehad het.

OF

Nee.
- Dit is sleg vir jou gesondheid.
- 'n Mens troos nie iemand met negatiewe goed nie.

(JA OF NEE OF VERDUIDELIKING word bepunt.) (1)

6.10 Benedicta was 'n seëning/hulp vir die verteller (in die verteller se hartseertyd). (1)

6.11
- Sy gee haar kortverhaal die titel "Benedicta".
- Na haar gesprek met Benedicta was haar vrees weg/het sy beter gevoel.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**EN**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**BABY – EKM Dido**

**TEMA:** Sosiale vooroordeel
**BOODSKAP:** 'n Mens kan nie sommer enige persoon vertrou nie.

6.12
- Hy het gesê Nooi en Baby was omtrent dieselfde ouderdom.
- Hy het gesê daar was nie plek in die Bodorp (ander plek) vir die besoekers nie.
- Hy het gesê hulle enigste alternatiewe slaapplek sou die tronk/selle wees.

(TWEE feite) (2)

6.13
- Hulle was gasvry (al was hulle arm).
- Hulle het mekaar uitgehelp.

(Of soortgelyk) (1)

6.14
- Sersant het moeite gedoen om vir hulle blyplek te kry.
- Sersant het die saal georganiseer sodat oom Attie kon optree.
- Sersant het belowe om die vertoning te adverteer.
- Sersant het oom Attie met baie dinge gehelp.

(Enige EEN) (1)

6.15
- Baby was magteloos by oom Attie.
- Baby was onveilig by oom Attie.
- Baby het nie van oom Attie gehou nie.
- Baby was bang om alleen by oom Attie te wees.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.16 Sersant De Wit se vrou het nooit by mense in die/hulle buurt gekuier nie.
(Of soortgelyk) (1)

6.17.1
- D
- D Ouma Stienie
- Ouma Stienie

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

6.17.2
- C
- C Baby
- Baby

(Enige EEN) (1)

6.17.3
- A
- A Sersant se vrou
- Sersant se vrou

(Enige EEN) (1)

6.17.4
- B
- B Nooi
- Nooi

(Enige EEN) (1)

6.18.1
- Baby het min klere aangehad.
- Baby was half kaal/kaalgat.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.18.2 Die verteller se ma het gedink Baby was dronk. (1)

6.19 Oom Attie het ...
- 'n vals naam gegee.
- gejok (oor sy verwantskap met Claudine/Baby).
- Claudine/Baby ontvoer.
- dwelms aan Claudine/Baby gegee.
- gejok (oor waarheen hulle op pad was).
- Claudine as minderjarige in sy vertonings gebruik.
  (Enige DRIE of soortgelyk) (3)

6.20
- Moenie vreemdelinge vertrou nie.
- Moenie oordeel voordat jy al die feite het nie.
- Wees bedag op die gevare rondom jou.
- As jy iets verkeerd doen, gaan jy uitgevang word.
  (Enige EEN of soortgelyke lewensles) (1)

6.21
- Die koerante is vol stories van ontvoering of ouer mense wat dwelms aan kinders gee.
- Hierdie dinge gebeur elke dag.
  (Of soortgelyk) (1)

6.22 Ja.
- Claudine is uit oom Attie se mag gered.
- Claudine sou weer kon teruggaan na haar eie huis toe.

OF

Nee.
- Claudine was reeds getraumatiseerd.
  (Enige EEN of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

## AFDELING D: GEDIGTE

*VERSJOERNAAL*

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

**Brief – Fernel R Abrahams**
L.W. "of soortgelyk" kan beteken:
* alternatiewe stelswyse
* soortgelyke idee
* enige aanvaarbare antwoord wat die kern van die vraag beantwoord.

7.1 informele (1)

7.2 Mammie/Ma
(EEN woord) (1)

7.3 "kaalvoet"
(EEN woord) (1)

7.4
- Die ander digter/Die persoon wat (ook vir haar ma) 'n gedig geskryf het.
- (Antjie) Krog

(Enige EEN) (1)

7.5
- Die spreker noem sy ma nie "jy" nie.
- Die spreker gebruik leestekens in sy gedig.

(TWEE verskille) (2)

7.6 Ja.
- Dit is die spreker se persoonlike gevoelens/ervarings wat weergegee word.
- Die gedig word vanuit 'n "ek"-perspektief geskryf.

(Aanvaar enige aanhaling wat die woorde "ek" of "my" insluit.)
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.7
- plastiekblomme
- wit skoene
- (om die ma as) "jy" (aan te spreek)

(Enige EEN) (1)

7.8.1
- B
- B alliterasie
- alliterasie

(Enige EEN) (1)

7.8.2
- A
- A elisie
- elisie

(Enige EEN) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

7.8.3
- D
- D vergelyking
- vergelyking

(Enige EEN) (1)

7.8.4
- E
- E alleenplasing
- alleenplasing

(Enige EEN) (1)

7.9
- A
- A bevraagteken haar aanvaarding van sy verse
- bevraagteken haar aanvaarding van sy verse

(Enige EEN) (1)

7.10
- Hy bid **byna** nooit nie.
- Hy glo nie **sommer** in God nie.

Aanvaar ook: uit versreël 13/14 OF aanhaling van versreël 13/14.
(Enige EEN) (1)

7.11
- Haar kind is nog lief vir haar.
- Hulle verhouding is nog goed.
- Haar kind kan sy gevoelens met haar deel/kommunikeer met haar.
- Haar kind is eerlik met haar.
- Haar kind het grootgeword/is selfstandig.
- Die kind bly haar kind.
- Hy het respek vir haar.

(Enige TWEE of soortgelyk. Aanhalings is nie aanvaarbaar nie.) (2)

7.12
- Die spreker kon direk met sy ma gepraat het.
- Die spreker kon enige ander kommunikasiemiddel bv. sms en e-pos gebruik het.
- Indirek (deur iemand anders).

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.13
- Die tipografie **beklemtoon** die woorde in die twee reëls.
- Die tipografie stel die losmaak/anders wees visueel voor.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

**EN**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

**Spore op die maan – Koos du Plessis**

7.14
- (Mense se) voetspore
- Mense/Neil Armstrong/ruimtevaarders se voetspore
- Spore van verwoesting
- Spore van besoedeling (1)

(Enige EEN)

7.15
- Die mens vernietig/besoedel sy omgewing.
- Die mens het 'n negatiewe impak op sy omgewing.
- Die mens neem orals oor.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.16 'n rusplek sonder rommel te vind (1)

7.17.1
- Na die persoon wat 'n onbesoedelde/nuwe plek soek om heen te gaan.
- Na iemand vir wie die spreker jammer voel.

(Of soortgelyk) (1)

7.17.2
- Om die woorde te **beklemtoon**
- Ter wille van klankrykheid
- Ter wille van ritme
- Om binnerym te skep

(Enige EEN) (1)

7.18.1 "rommelberge (groei omheen)" (1)

7.18.2
- Dit beklemtoon/wys hoe groot hierdie probleem is.
- Die rommel is so hoog dit lyk soos berge.
- Dit stel die rommelprobleem visueel voor.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.19 "onbesonne"
(EEN woord) (1)

7.20.1
- Dat mense sal ophou om die natuur/aarde te vernietig.
- Die wonder dat iets gebeur om die vernietiging van die natuur te keer.
- Dat die rusperleërs gekeer sal word.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.20.2 "waan"
(EEN woord) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS

7.21
- (Na) ruimtereisigers
- (Na) spioene/verkenners
- (Na) ruimtenavorsers
- (Na) wetenskaplikes
- (Na) mense wat na 'n nuwe plek soek
- (Na) wenteltuie/ruimtetuie

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.22
- Hulle praat net, maar niks gebeur nie.
- Daar is geen antwoorde nie.
- Niks gebeur om besoedeling/vernietiging te verminder nie.
- Leë beloftes oor die vermindering van besoedeling/om vernietiging te stuit, word gemaak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.23 "duisend"
(EEN woord) (1)

7.24.1 "kyk" (1)

7.24.2 Die spreker wil **beklemtoon** dat mense die besoedelingsprobleem/ vernietiging moet raaksien.
(Of soortgelyk) (1)

7.25 Nee.
Hy het gedink dit dra by tot/was dalk die begin van die mens se **negatiewe impak** op die ruimte.
(Of soortgelyk. Net die rede verdien 'n punt.) (1)

7.26 Ek kan ...
- rommel by die skool optel.
- probeer om minder (papier) te mors.
- van saamrygeleenthede gebruik maak.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2014 -11- 21
PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001
PUBLIC EXAMINATIONS